Ges. 25:1
- 105:3
- 77:1

Die Toets van ons Geloof — Lxt. 4 Jul. 1943

Gen. 12:1-8
Hebr. 11:1-13.

Gen 12:1 - Gaan nou uit jou land en uit jou familie + uit jou vader se huis na die land wat Ek jou sal wys.
Hebr. 11:6 - En sonder geloof is dit onm. om G te behaag.

i) Baie mense se hele uitkyk op lewe gebaseer op hd. stapt: Glo nie voor ek nie sien, voor ek nie met my verstand kan verklaar, begryp + bewys. Hd. stapt. word dan baiekeer oorgedra op godsd: glo nie in G. glo nie in Xt. J., glo nie in hemelvaart voor ek nie gesien, verklaar ens.!

ii.) Tog so dwaas, Kortsigtig. As sulke mense net oomblikkie nadink - besef: glo so baie ander dinge in daagl. lewe sonder om ooit te wil verklaar of verstaan:
- Aantrekkingskrag aarde
- Gesondmakende krag v. medisyne
- Draadloos wat ek aanstaan

→ Net so in geest. lewe: die grootste waarhede v.d. Xdom is geloofswaarhede, wat nie m.d. oog gesien of die verstand verklaar kan word nie! V.b.:
1. Dat daar God + Skepper is.
2. Dat Hy alles bestier
3. Dat J.C. gelewe, gesterwe + opgestaan het.
4. Dat daar lewe na d. dood is.

Ek kan dit nie vir u met vers + kapittel bewys nie + tog vra d. Wd. dat ons dit moet glo! // En hoe groter ons geloof, hoe sterker ons lewes - Trouens, die hele uitgangspt v.d. Bybel dit: die grootste manne die wat die sterkste geglo het! Altyd as ons d. vr. stel: Wat is dit wat v. iemand groot man maak? antw. die Wd: Geloof!

iii) Abr. die grt vb. v.d. O.T.: afgenoem die „vader v.d. geloof."

A. Die Inhoud v sy Geloof: wat moes hy glo? Twee dinge het O aan hom gesê:

① Dat O hom sou lei na land wat Hy hom sou wys: Dagter dus d. gedagte dat dit beter, mooier land sou wees as sy eie: dat sy land dus eintlik nog vreemde land was & hy eintlik eers sy vaderland sal vind in die nuwe wêr. wat O hom sou wys!

② Dat O sy nageslag sou maak soos sand aan d. see: Nog wonderliker was hd. belofte — amper ongeloofiik! As dit nie v O gekom het dan vermetel gewees!

B. Die Toets v. sy Geloof: U sê: Ja, dis maklik as O hom dit toegesê het — geen kuns om dan te glo! Mr. het u al gedink wat dit Abr. gekos het om O op sy wd te vat?

Ré ①: i) Verlating v. alles wat hom dierbaar was, land wat baie hoog gestyg het in godsd., kultuur, ekonomie, ens.! Band met fam., dorp, volk, godsd. verbreek — & dit net om 'n geloofsbelofte deur O gegee!
ii) Nuwe land: wild, woes, barbaars — opstandige stamme, hongersnood kom nie lank na aankoms!

Ré ② i) Hoe ondenkbaar self & vrou — hoe 'n nageslag hê?
ii) Offer v. Isak: Toe hy daar is die ontsettende toets: Neem jou seun, jou enigste wat jy liefhet, Isak, & gaan na d. land Moria & offer hom daar as brandoffer!

C. Die Vergoeding: Geluk? Ontrang? Geloof beloon? Niks dr. nie! Treffend Hebr. 11:13 — In die geloof het hulle almal gesterwe sonder om d. beloftes te verkry, maar hulle het dit uit d. verte gesien & geglo & begroet! Eers na baie geslagte word die 1e belofte waar: Isak, Jakob > Josef > Israel uit Egipte!

En tweede belofte? Isak & Ismael sy enigste 2 seuns: waar is die sand aan d. see?

Skynbr dus alles nutteloos, vrugteloos: & tog dus wat vdg teenkyk & weet: Watter wonderlike vrugte sy geloof nie gedra!

En ons? Wat vra O ons vdg as Xtene om te glo? Is dit nie asof O ons vdg roep uit die land v.d. Chaldeërs - die wêr met al sy voorregte & skynbare geluk & ook vra — 2 dinge:

① Dat daar O is wat lei & bestier:

Die gange v. volkere & mense: ja van u & my lewe — dat niks gebeur sonder sy toelating. Ook in lewe my volk: alles onder die bestiering van 'n alm. O!

→ Glo dit ten spyte van gaos v wêreld, skynbare onttrekking v O, ook ten spyte van bewaring in volkslewe vdag: God sal rig & lei! Doel met alles!

→ Mr. dan moet ons dd. leiding vra & soek & glo! Dit ons hoofdeel: sal alles nie baie gouer regkom!

② J.X. enigste wat antw. het op al ons vrae:

– Nie enkele probleem ens. wat Hy nie oplossing voor het! Hy d. enigste!

→ Ten spyte v. al die pragbeloftes van ons tyd v. paradyswêr., nuwe skemas, ens.! Wat tog hd. uitklst: Kan nie wêr. van buite regmaak as jy nie ens d. mens van binne reggekry het nie!

En dd. herwording v.d. mens kan alleen J.X. totstand bring!

Ons wêreld v/d met soveel probleme:

Godsd: Eenhd

Ekon: Distribusie

Wetk: Skeiding

Sedel.: Misstande.

Nog nooit J.X. sy volle kans gegee nie! Sal ons dit nie doen?

Amen.